

1885—1892 'n ABORTIEWE KERKVERENIGING

P B van der Watt

Die kerklike diversiteit wat op Transvaalse bodem gedurende die vyftigerjare van die vorige eeu ontstaan het, was gelukkig nie 'n aangeleentheid waarby die partye in gedrang berus het nie. Goeie voornemens en daadwerklike pogings t.o.v. versoening was opvallend aanwesig. Selfs van owerheidsweë was daar inisiatief om die kerklike verskeurende Transvalers te versoen — byvoorbeeld reeds op 12 Februarie 1859 (slegs twee dae na die stigting van die Gereformeerde Kerk) het die regering verteenwoordigers van die kerke t.o.v. versoenende samesprekings uitgenooi. Hierdie én allerlei pogings rondom 1860 het egter misluk.

Die verwydering sou in 'n stadium selfs groter word. Op sy Sinode van 1873 te Utrecht het die Ned. Geref. Kerk besluit dat geen predikant van die Ned. Geref. Kerk "die de waarheid lief heeft, den kaisel beklimmen kan voor een der Herv. leeraars in de Republiek". Die Vrystaatse Sinode besluit in 1871 dat hy die aanneming van dooplidmate deur die Ned. Herv. Kerk, wat tot die Ned. Geref. Kerk behoort, nie kan erken nie. In dieselfde jaar verklaar die Natalse Sinode dat hy met die Herv. Kerk in geen susterlike betrekking kan staan nie. In 1870 het die Kaapse Sinode di. J.H. du Plessis (Cradock) en A. Stuurmer (Uitenhage) na die Transvaal gestuur. Samesprekings het plaasgevind, maar het tot niks meer gelei as tot verdere verdeling en beskuldigings nie.

Van sy kant was die Ned. Herv. Kerk net so afwysend teenoor die Ned. Geref. Kerk. Hoe skerp gevoelerts soms was, blyk duidelik uit 'n toespraak van dr. N.J. van Wamelô in Pretoria. Hy het onder andere gesê: "In die Transvaal zijn op het oogenblik de Nederduitsch Hervormde en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk. Ik beschouw de laatste als een groote zonde en groote ramp voor de Transvaal" (De Volksstem, 25 April 1874).

Tog, ten spyte van sulke verwyderings was daar in die sewentigerjare 'n stille hunkering by menigeen na 'n herstel van die kerkeenheid. Twee faktore het in hierdie opsig ongetwyfeld 'n belangrike rol gespeel. Die eerste was dat gevormde lidmate die skeiding tussen die twee kerke as iets onnatuurliks beskou het. Na 'n besoek aan Transvaal in 1873 skryf die later bekende ds. S.J. du Toit in De Gereformeerde Kerkbode (o.d. 1873): "De harten van duizenden in de gemeenten der beide kerken verlangen zuchtend daarnaar dat de breuke tussen ouders en kinderen, vrienden en bloedverwanten, toch eindelijk geneesd ... worde." Die tweede was dat gemeentes van die Herv. Kerk vanweë 'n tekort aan predikante sedert 1874 teologiese studente van die Ned. Geref. Kerk beroep het. Hierdie manne — di. D.P. Ackermann (Wakkerstroom), H.S. Bosman (Pretoria) en J.G. de Vries (Zeerust) — het ongetwyfeld simpatiek teenoor die Ned. Geref. Kerk gestaan.

Die eerste teken van 'n veranderde houding by die Ned. Geref. Kerk was toe sy Sinode in 1877 die besluit oor die preek van Ned. Geref. predikante

in Hervormde gemeentes, herroep het. Hierdie stap was sekerlik een van die faktore wat die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk in 1879 gunstig gestem het oor die beskrywingspunt van ds. H.S. Bosman, wat gevra het dat die moontlikheid van kerkvereniging ondersoek moes word. Politieke gebeure het hierdie nuwe drang na kerkvereniging kort daarna versterk.

Die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 en die daaropvolgende Eerste Vryheidsoorlog (1880—1881) met sy roemryke veldslae het by die Afrikanervolk 'n ongekende nasionalisme wakker gemaak en daarby 'n sterk samehorigheidsgevoel by die Transvalers laat posvat.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die gedagte van kerkvereniging opgeleef het — vars in die geheue was die suksesvolle militêre stryd waarin lidmate van al drie die kerke skouer aan skouer geveg het om die verlore vryheid te herwin. Tiperend vir hierdie gevoel was twee byeenkomste wat gedurende Oktober 1881 in Pretoria en Potchefstroom gehou is. Albei het gegaan om die vraag van kerkvereniging. Op die vergadering in Pretoria was dit die staatsman Paul Kruger, lidmaat van die Geref. Kerk, wat verklaar het dat "iemand van zijne christelike gezindheid zou afwijken", as hy teen kerkvereniging was. In Potchefstroom, wat in die verlede so dikwels die toneel van kerklike stryd en moeilikhede was, het lidmate van die Ned. Geref. en Geref. Kerke in 'n besluit hul "Hartelijk begeerte" uitgespreek dat die kerke sou verenig.

Die Geref. kerk het hom in April 1882 offisieel en gunstig oor die saak uitgelaat. Toe dit ook blyk dat beide die Ned. Geref. en Herv. Kerk positief oor 'n moontlike kerkvereniging geoordeel het, het albei kerke kommissies, bestaande uit sewe lede elk, benoem om verder oor die aangeleentheid te onderhandel.

Op 31 Oktober 1882 het die twee afvaardigings in Pretoria ontmoet. Aanvanklik is daar gehoop dat die Geref. Kerk ook aan dié besprekings sou deelneem, maar hy het hom voor die tyd reeds daaraan onttrek — dit was spoedig duidelik dat hierdie kerk, wat 'n eenheid was wat die hele Suid-Afrika omvat het, moeilik sou kon deelneem aan 'n kerkvereniging wat slegs tot die Transvaal beperk sou wees.

Die Ned. Geref. Kerk se afvaardiging het onder leiding van di. H.L. Neethling en J.H. Neethling gestaan, terwyl di. N.J. van Warmelo en D.P. Ackermann die kommissie van die Herv. Kerk gelei het. Hoewel daar tydens die beraadslaginge soms skerp verskil is, is sake van ondergeskikte belang gou afgehandel én ook oor kardinale punte tot 'n vergelyk gekom. Wat laasgenoemde betref, was daar veral drie sake van belang, naamlik die leer, die toelating van predikante en die naam van die nuwe kerk. Die formele vasstelling van die belydenis het geen probleme opgelewer nie — die drie Gereformeerde Belydenisskrifte wat op die Sinode van Dordrecht (1618—1619) aanvaar is, is gehandhaaf. Ook is vasgestel dat alleen diegene wat by die Ned. Geref. Kerk van die Kaapkolonie gelegitimeer is, predikante van die verenigde kerk kan wees. (By 'n latere geleentheid is ooreengekom dat hierdie besluit nie van toepassing was op ds. N.J. van Warmelo, aan wie legitimasie twintig jaar tevore deur die Kaapse Sinode geweier was en ds.

G.W. Smits, wie se Kaapse legitimasie in 1863 ingetrek is nie). Oor die naam was daar lank gepraat. Uiteindelik is 'n kompromie-voorstel aanvaar, waarop met die lot beslis is dat die voorgestelde kerk bekend sou staan as die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. Na 'n paar jaar sou die verenigde kerk weer oor 'n naam besluit.

Na nog enkele afsonderlike en gesamentlike vergaderinge het die meerdere vergaderinge van die twee kerke in Januarie 1885 die akte van vereniging goedgekeur. Onderwyl die onderhandelinge aan die gang was, het lidmate van die twee kerke in sommige plekke — Standerton, Piet Retief en Lichtenburg — uit eie beweging saamgekom en op 'n bespoediging van die vereniging aangedring. Ook elders in Suid-Afrika het die sinodale vergaderinge van die Ned. Geref. Kerk hartlik meegeleef en De Kerkbode uit die jare 1882—1885 het dikwels berigte oor die kerkvereniging in Transvaal.

Volgens ooreenkoms moes die Kerkrade van die Ned. Geref. en Herv. gemeentes op elke dorp saamsmelt tot een liggaam. Hierdie saamgestelde vergaderings het daarop afgevaardigdes gestuur na die eerste Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk wat op 7 Desember 1885 te Pretoria vergader het. Dit is dan ook die ontstaansdatum van De Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek.

Dit het spoedig geblyk dat 'n groeiende aantal lidmate van die eertydse Hervormde Kerk nie gediend was met die toedrag van sake nie.

Hervormde lidmate van Witfontein (in die hedendaagse distrik Bronkhorstspuit) het geweier om te verenig en sou voortaan bekend staan as "De Ned. Hervormde Gemeente der Z.A.R. dist. Pretoria." So het hierdie gemeente die voortbestaan van die Ned. Hervormde Kerk verseker. Die gemeente slaag daarin om gedurende 1887 die dienste van 'n Nederlander, ds. M.J. Goddefroy te verkry en behalwe vir sy arbeid in plaaslike verband, het hy die reorganisasie van die Hervormde lidmate wat nie wou verenig nie, aangepak. Dit was 'n groot taak om hierdie verstrooide lidmate weer in gemeentes te organiseer. In 1888 kon weer 'n Algemene Kerkvergadering gehou word.

Ook op baie ander plekke het die lidmate van die eertydse Hervormde Kerk hulle teen die kerkvereniging uitgespreek. Baie het aansluiting gesoek by die Witfontein-gemeente, ander is deur ds. G.W. Smits, emeritus van Potchefstroom-gemeente, geestelik versorg, terwyl Goddefroy gemeentes herorganiseer het.

Die ontevredenheid oor die kerklike vereniging by baie van die Hervormde-gesindes het rondom allerlei redes gewentel en aanklank gevind by vroeëre Hervormde lidmate, wat binne die verenigde kerk ook ongelukkig was oor sekere sake. So byvoorbeeld word in Potchefstroom, Rustenburg, Heidelberg en Middelburg verneem van ontevredenheid by sommige omdat die Ned. Herv. of Geref. Kerk hom vir die sending beywer het. Nou verwant aan die sending was die vraagstuk van gelykstelling. Sommige Transvalers het in sendingwerk die moontlikheid van gelykstelling gesien: sendelinge wat onder Nie-blankes arbeid, moes nie in 'n blanke gemeente preek nie! Voor die Sinode

van 1888 was daar 'n memoire, waarin die ondertekenaars hulle o.a. teen 'n sendingkollekte uitspreek "daar volgens hunne mening het collecteeren in onze kerk ... niet een directe maar indirecte gelijkstelling is, het welk eene groote ontevredenheid onder de gemeente veroorzaakt"! Uit Witfontein word allerlei bewerings gemaak dat die predikante, afkomstig uit die Kaapkolonie, almal Britsgesind was en dit sou niks goeds voorspel vir die politieke onafhanklikheid van Transvaal nie. Selfs is die plegtige belofte wat Stellenbosse proponente by hul legitimasie moes aflê, geïnterpreteer as 'n eed van getrouheid aan die Britse koningshuis! Ook gebruike in die verenigde kerk — o.a. die sing van ander geestelike liedere naas die Psalms en Gesange, bidure, en opwekkingsdienste te Soutpansberg en elders in hierdie tyd — het nie oral by eertydse Hervormde lidmate 'n goeie ontvangs geniet nie. In hierdie verband was daar ook die klagte dat die nuwe kerk slegs maar in 'n hoë mate 'n voortsetting was van die vroeëre Ned. Geref. Kerk. Die beswaar was blykbaar dat alhoewel die Hervormde gemeentes en lidmate by die kerkvereniging in 1885 die talrykste was, was die oorgrote meerderheid predikante te veel "Ned. Geref. georiënteerd". Op die Sinode van 1889 was daar byvoorbeeld 16 leraars. Van hulle het slegs nog vier oorspronklik tot die Hervormde Kerk behoort, naamlik di. N.J. van Warmelo, H.S. Bosman, D.P. Ackermann en C.W. du Toit, terwyl laasgenoemde drie ook hul teologiese opleiding op Stellenbosch gehad het. Ook die feit dat nuwe lidmate van elders uit Suid-Afrika na Transvaal verhuis, het meegebring dat die Ned. Herv. of Geref. Kerk steeds meer die voortsetting was van die Ned. Geref. Kerk en nie van die Ned. Herv. Kerk nie.

Hierdie onrus en selfs tweedrag was ook te bespeur onder vroeëre lidmate van die Ned. Geref. Kerk. Te Soutpansberg wou van hierdie lidmate hulle nie onder die geestelike sorg van ds. L.F.G. Biccard, 'n Hervormde leraar, stel nie. Die dreigende skeuring in die gemeente het die Sinode van 1886 genoodsaak om 'n kommissie daarheen te stuur in 'n poging om die geskille by te lê. Hierdie afvaardiging (di. H.S. Bosman van Pretoria en A.P. Burger van Middelburg) het die Kerkraad ontmoet en tot 'n kompromie met die Nederduitse Gereformeerdes gekom: ds. Burger sou een maal per jaar 'n besoek aan Soutpansberg bring en dan sakramente bedien aan diegene wat ontevrede was met Biccard. Voorts is ook aan die Ned. Geref. sendeling, Stephanus Hofmeyr, verlof verleen om dienste in die gemeente te hou.

Hiermee was die bestaande verdeling in die gemeente meer geaksentueer en toe ds. Biccard die volgende jaar aftree, het sy aanhangers, d.w.s. diegene wat voorheen tot die Hervormde Kerk behoort het, hulle met ds. Goddefroy in verbinding gestel. Daarop is besluit dat hulle "als Ned. Herv. Gemeente voortaan bij de oude Ned. Herv. Kerk van deze Republiek zullen blijven".

Intussen is Goddefroy herhaaldelik in polemiese skryfwerk van ds. H.S. Bosman gekonfronteer oor sy beskouinge ten opsigte van die belydenisskrifte en oningeligtes het hierin beskuldigings van allerlei liberale teologiese beskouinge gesien. Al hierdie sake sou die kerklike verhoudinge vertroebel.

Dit was dus binne enkele jare ná kerkvereniging duidelik dat 'n storm aan die broei is. Die naam-kwessie was die lont in die kruitvat. Oor die naam van die kerk in Transvaal was daar reeds voor 1885 stryd gevoer, sodat met die kerkvereniging op 'n voorlopige betiteling besluit is: Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. Voordat kerklike eiendomme op die verenigde kerk getransporeer kon word, moes uitsluitel oor die naam verkry word.

Op die Sinode van 1888 is besluit dat in elke gemeente al die manlike lidmate hulle oor 'n naam vir die verenigde kerk moes uitspreek. Dit was baie duidelik dat enige naam aan die nuwe verenigde kerk gegee kon word en dat daar nie gekies moes word tussen die name van die twee deelnemende kerke nie. Vir die Hervormde lede van die vergadering was hierdie houding beslis 'n afwyking van die basis van die vereniging. Hulle het geoordeel dat toe kerkvereniging aangegaan is die bedoeling duidelik was dat ten opsigte van die naam van die kerk daar slegs gekies sal word tussen die name Ned. Hervormd en Ned. Gereformerd.

Later sou blyk dat daar oor nie minder as veertien name gestem is nie! Die naam Ned. Herv. of Geref., d.w.s. die tydelike naam van die verenigde kerk, het die grootste aantal stemme gekry, naamlik 2 882 alhoewel dit geen volstreekte meerderheid uit die totale aantal uitgebragte stemme verteenwoordig het nie. In elf van die 23 gemeentes is wel 'n volstreekte meerderheid verkry. Met die sinodale vergadering van 1889 is hierdie naam dan ook as die amptelike een erken.

Onmiddellik na die vasstelling van hierdie naam, was daar moeilikheid. Dat byna 2 000 lidmate in 1889 nog wou hê dat die naam "Nederduitsch Hervormd" met volkome verontagsaming van die byvoeging "Nederduitsch Gereformerd" aanvaar moes word, het hierdie reaksie verklaar! Een van die manne wat in verset gekom het, was ouderling A.D. Wolmarans van Pretoria, wat sterk standpunt ingeneem het teen enige poging om die eiendomme van die Hervormde Kerk, in die besit van die verenigde kerk, op laasgenoemde se naam oor te maak. Lidmate van die gemeentes Potchefstroom en Pretoria het daarop by die hooggeregshof aansoek gedoen om 'n hofbevel wat die verenigde kerk sou belet om sodanige eiendomme op sy naam te plaas. Die hof wou nie so 'n bevel uitreik nie, maar tog geoordeel dat Hervormde eiendomme alleen dan oorgemaak kan word as die Hervormde gemeentes daartoe opdrag gee.

Om sy doel te bereik, is 'n kommissie deur Wolmarans gestig wat prokurasies of volmagte laat teken het deur die vroeëre Hervormdes in die verenigde kerk, waarin die kommissie opdrag ontvang om die regte en belange van hierdie lidmate te beskerm.

In plaas van die één verenigde kerk wat in 1885 in die vooruitsig gestel was, was daar nou drie groepe. Die verenigde kerk enersyds wat verreweg die grootste kerk in die land was. Daarnaas was daar die Ned. Hervormde Kerk wat deur ds. Goddefroy vanuit die Witfontein-gemeente weer bymekaar gebring en georganiseer is. Dit was die Hervormde lidmate wat nooit verenig het nie. Dan was daar die Prokurasiekommissie se mense — Hervormdes, wat wel

in 1885 verenig het, maar wat nou uit die verenigde kerk wou uittree.

Met hierdie verwikkelinge was die kerkvereniging finaal 'n mislukte aangeleentheid. Nou sou 'n stryd volg oor wie die eienaar is van die eiendomme van die Ned. Herv. gemeentes, wat verenig het. Gevoelens het hoog geloop en die kerklike onenigheid en bitterheid het so gespanne geword dat dit selfs die politieke lewe beïnvloed het. Hoe ernstig die toestand was, blyk uit 'n berig in *De Volkstem* (o.d. 15 Jan. 1891): "Het valt niet te ontkennen dat gedurende de laatste paar weken de spanning welke onder die Burgers veroorzaakt was geworden ten gevolge van die Kerkelijke oneenigheden, zoo groot is geworden dat een crisis nabij schijnt en het weldenkende gedeelte der natie met angstig verlangen de finale oplossing van het hangende vraagstuk tegemoet ziet liever dan langer de voortdoring van den bestaande stand van zaken te willen aanzien." Toestande het gegrens aan 'n burgeroorlog — en dit op 'n stadium toe die republiek se politieke stabiliteit bedreig is deur Brittanje en die uitlanders op die Witwatersrand!

Dit was in sulke omstandighede dat pres. Kruger 'n poging aangewend het om as staatshoof 'n skikking tussen die strydende kerklike partye te bewerkstellig. Onder sy voorsitterskap is gedurende Augustus 1891 'n byeenkoms van verteenwoordigers van die verskillende partye gereël. Die samesprekings het enige dae lank geduur en eindelik is 'n ooreenkoms bereik, wat die partye bereid was om aan hul kerkvergaderinge voor te lê. Daarvolgens sou die name van die lidmate wat voor 1885 tot die Hervormde Kerk behoort het en hul kinders wat na hierdie tyd aangeneem was, in albei kerke opgeneem word om te verneem tot welke kerk hulle wou behoort. Die eiendomme wat voorheen in die besit van die Hervormde Kerk was, sou dan gaan aan diegene wat in die meerderheid was. Aan die minderheid sou vergoeding betaal word.

Op 17 November 1891 het die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk (die verenigde kerk) hierdie skikkingsvoorstel as onaaneemlik afgewys. Vir 'n groot aantal afgevaardigdes het die voorstel neergekom op die ontbinding van die kerkvereniging.

Lede van die Hervormde Kerk het daarop besluit om hulle op die hof te beroep. In 1892 het die Hervormde gemeente Standerton die Ned. Herv. of Geref. Kerk laat dagvaar om die kerklike eiendomme te Trichardsfontein, wat in besit van die verenigde kerk, maar op naam van die Hervormde gemeente was, terug te besorg. In Junie 1893 het die drie regters van die Hooggeregshof eenparig beslis dat 'n kerk of 'n gemeente alleen opgehef kan word as al sy lede toestemming daartoe verleen. Lidmate van die Hervormde Kerk wat nie wou verenig nie, het daarom die reg om in besit van die eiendomme te bly. Dit het beteken dat die eiendomme te Trichardsfontein aan die Ned. Herv. gemeente teruggegee moes word.

Die uitspraak het in die kringe van die Ned. Herv. of Geref. Kerk groot opskudding veroorsaak, want dit het beteken dat alle eiendomme wat voorheen aan die Hervormde Kerk behoort het, nou afgegee moes word aan diegene wat nie met die kerkvereniging in 1885 meegegaan het nie en die Her-

vormde Kerk wou voortsit. Vir die verenigde kerk het niks anders oorgebly as om die uitspraak te eerbiedig nie en om in die verskillende gemeentes skikkinge oor die eiendomme met die lidmate van die Herv. Kerk te laat tref.

Op die meeste plekke is 'n vredsamese ooreenkoms getref ten opsigte van die kerklike eiendomme. In Rustenburg was die gemeente egter nie bereid om te skik nie, waarop die Hervormdes oor die eiendomme ook na die Hoogeregshof gegaan het. Die uitspraak was ten gunste van die eisers, wat beteken het dat die gemeente Rustenburg sonder enige eiendomme gelaat is. Nadat prof. N.J. Hofmeyr van Stellenbosch in 1895 'n openbare beroep gedoen het, het geld van oral ingestroom sodat die gemeente mettertyd weer op vaste bene kon staan.

Naas die Ned. Herv. of Geref. Kerk was daar dus na 1892 die Herv. Kerk, wat versterk is deur die toetreding van vorige Hervormde lidmate. Wat getalle aanbetref, was die Ned. Herv. of Geref. Kerk die sterkste — en so sou dit bly. Natuurlik moet hierdie feit ook toegeskryf word aan talle Afrikaners, wat uit ander dele van Suid-Afrika hulle in Transvaal gaan vestig het. Hoeveel die aantal lidmate was, wat na die Ned. Herv. Kerk teruggekeer het, is nie moontlik om te bepaal nie, en ongetwyfeld was daar ook 'n getal Hervormde lidmate wat met die verenigde kerk tevrede was. Opvallend is die groot aantal prominente persoonlikhede, wat as vroeëre lidmate van die Ned. Herv. Kerk ná 1892 by die Ned. Herv. of Geref. Kerk gebly het — byvoorbeeld oud-pres. M.W. Pretorius, komdt. genl. Piet Joubert, di. H.S. Bosman, N.J. van Warmelo, F.G.H. Wolmarans, voorsitter van die Volksraad, P.J. Potgieter, burgemeester van Pretoria en talle ander.

Die kerkvereniging tussen die Ned. Herv. en Ned. Geref. Kerk was dus van kortstondige aard en boonop in daardie tyd ook nog onderhewig aan vooroordeel, misverstand, gebrek aan verdraagsaamheid en veel stryd. Só gesien was kerkvereniging (1885—1892) beslis geen sukses nie. Standpunte oor die sending én vrese vir Engelse invloede het die wanopvattinge van oningelike mense verraai. Die naamkwessie was 'n netelige saak. Die uitslag wat in die verskillende gemeentes gehou is, het uitgewys dat daar 'n ernstige verskil oor die aangeleentheid bestaan het, sodat die Sinode van 1889 met sy finale besluit oor 'n naam miskien meer geduld aan die dag kon gelê het. Die polemieks tussen Goddefroy en predikante van die Ned. Herv. of Geref. Kerk het opnuut openbaar dat die kerke oor sekere leeropvattinge op sy minste bymekaar verby gepraat het en sekerlik aanhangers aan albei kante meer verwar as beïndruk het. Ook kan die besondere karakter van die Ned. Geref. Kerk én die Ned. Herv. Kerk elk met 'n eie historiese styl in die gewone godsdienstige lewe, nie so maklik negeer word nie. Dit verklaar waarom praktyke soos bidure, opwekkingsdienste en ander geestelike liederes nie by die Ned. Herv. Kerk se lidmate ingang gevind het nie.

Dat die ongelukkige verloop van gebeure op kerklike terrein deur hierdie en moontlik ander sake veroorsaak is, is wel begryplik, maar beslis nie op Skriftuurlike gronde te regverdig nie!